## Week 5:

## "Ek is die weg, die waarheid en die lewe..."

## WORD SOOS JESUS...

## VOLG JESUS...




### Johannes 14:1-14

## Inleiding

"Asked to identify the defining moment in his life **Desmond Tutu** spoke of the day he and his mother were walking down the street. Tutu was nine years old. A tall white man dressed in a black suit came towards them. In the days of apartheid in South Africa, when a black person and a white person met while walking on a footpath, the black person was expected to step into the gutter to allow the white person to pass and nod their head as a gesture of respect. But this day, before a young Tutu and his mother could step off the sidewalk the white man stepped off the sidewalk and, as they passed, he tipped his hat in a gesture of respect to her!
The white man was Trevor Huddleston, an Anglican priest who was bitterly opposed to apartheid. It changed Tutu's life. When his mother told him that Trevor Huddleston had stepped off the sidewalk because he was a "man of God," Tutu found his calling. "When she told me that he was an Anglican priest I decided there and then that I wanted to be an Anglican priest too. And what is more, I wanted to be a man of God" said Tutu.

**Kan jy dink aan iemand wat in jou lewe vir jou so 'n voorbeeld was**, iemand wie se lewe en optrede jou aangemoedig het om ook Jesus te volg? Deel met mekaar julle stories.

**Heel belangrikste vraag:** **Hoe kan ons sulke mense word?** (*Want ek glo as ons lewens nie mense aanspoor om Jesus te volg nie, dan is iets groots iewers verkeerd met ons godsdiens...)*

Lees **Johannes 14:1-14 en herhaal v 6 'n paar keer.**

- Die weg van Jesus is dalk in Engels duideliker as dit sê **"I am the way…"** of in ander woorde – My way is the only way … met die klem op die manier van Jesus, hoe Jesus was… dit is die enigste manier hoe ons moet wees… dit is die pad na die Vader toe… dit is die pad van geloof, dit is die manier hoe ons moet wees…

  **Watter uitdaging is hierin opgesluit vir jou?**

- Daar was by niemand enige onsekerheid wat dit is wat Jesus voor gestaan en voor geleeef het nie = **hoe Hy was, het mense getrek**... en wat Hy gesê het, het dit eenvoudig bevestig – there were no doubts, and nothing was fake!

  **Wat van hoe Jesus was/is het die grootste impak in jou lewe gehad?**

- **En nou moet hoe Jesus was afgee op ons – v 11**, of in ander woorde ons hele lewe raak. Dit beinvloed hoe en waaroor jy praat, hoe jy werk, bid en speel en ontspan, hoe jy ander beinvloed, wat jy lees en kyk, hoe jy worship en met politiek en werk besig is, hoe jy in die tuin werk en selfs eet… hoe jy jou tyd gebruik , hoe jy reageer in moeilike situasies, as jy beledig en te nagekom word...- dit shape alles…
  Jy kan nie sê dat jy Jesus volg, sy pad stap, dat Hy vir jou belangrik is – en jy leef op 'n ander manier nie…

  **Die uitdaging om alles wat ons is en doen onder hierdie vegrootglas te gaan sit.** Niks word nie hierdeur geraak nie.

  **Op watter tereinne in jou lewe, sal jy veranderinge moet aanbring om meer te word soos Jesus?**

  ***Jesus sê self: Johannes 14:6 - Hierdie weg is die waarheid en gee die lewe – niemand kom by die Vader uit op 'n ander manier nie***. Die enigste manier dat jy by die Vader uitkom, is die manier van Jesus!

- **Watter ander beloftes** gee Jesus vir ons in hierdie gedeelte as ons hierdie pad kies, of kies om soos Hy te wees, His way te volg?
  - v 2
  - v 3
  - v 7
  - v 12
  - v 13
  - v 14

**Hoe kan julle as selgroep mekaar help om meer soos Jesus te word?**

**Sluit hierdie Bybelstudie af deur spesifiek vir mekaar hiervoor te bid.**